# HUIL WORD LAG!

PSALM 30

DAAR WAS MOEILIKE TYE

Hierdie psalm is 'n psalm waarin die digter die Here **loof.** Dit begin met die woorde: *"Ek wil u lof verkondig, Here…"*

Die **rede** daarvoor is baie spesifiek: *"want U het my gered…"*

**Gered waarvan**?

Die volgende vers gee ons 'n **aanduiding**: *"Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak." (Antwoord:)*Sy nood het met **siekte** te doen gehad. Hy sê *nie watter soort* siekte dit was nie, maar dit was duidelik **dodelik ernstig** (vers 4): *"Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe."* Hy het reeds die dood in die gesig gestaar.

**Hoe** het die uitkoms plaasgevind? Hy het **<u>ernstig gebid</u>** dat die Here hom moes help. En die Here het sy gebed *verhoor* en sy lewe *gespaar* – met of sonder *medikasie*, ons weet nie.

**Daarom** wil hy die Here loof. En hy wil dit **<u>nie alleen</u>** doen nie. Hy vra dat ander wat ook die Here dien dit *saam* met hom sal doen: *"Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien, loof sy heilige Naam!"*

DIT WAS 'N LEERSKOOL

Dis uit sy getuienis duidelik dat die krisis waaruit die Here hom gered het **belangrike lesse** by hom tuisgebring het. Dit was vir hom 'n <u>leerskool</u>. *Ons* kan ook daaruit leer. Hy het nie net **vir God** beter leer ken nie, maar ook **homself.** Hy het ontdek dat hy **nie so sterk** is as wat hy gedink het nie. **Hy bely** (vers7): *"Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie."* Hy was op daardie stadium baie **selfversekerd**.

Nou besef hy dit was aan die goedheid van die Here te danke dat hy so veilig gevoel het: *"Deur u goedheid het U my op 'n veilige berg laat staan, Here."* Maar hy het nie in daardie tyd so daaraan gedink nie. Totdat sy **omstandighede verander** het. "*Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword."* Toe het hy besef hy het **God nodig**, hy kan nie op sy eie nie. Hy was *bang en het skuldig* gevoel. Daarom pleit hy om **genade**: *"Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek…"* Hy eis nie: *"Here, U <u>moet</u> my help nie!"*

Luister na **die argument** waarmee hy die Here probeer oortuig om hom nog langer te laat lewe! Dit kom daarop neer dat as hy dood is, hy nie meer die Here sal kan loof en oor sy trou sal kan getuig nie. Sy dood sal dus vir die Here eerder **tot nadeel** as tot voordeel wees. Hy vra: *"Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?"*

En dan **smeek** hy weer: *"Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!"*

En die Here het hom **genees**! Sy lewe het soos **handomkeer** verander: *"Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek."* (:12)

As hy nou terugdink oor sy ervaring, dan het dit **hom <u>geleer</u>** dat God se toorn van korte duur is, *"maar sy goedheid lewenslank"*. (:6) Hy stel dit vir my so mooi:

*"Gisteraand was daar nog trane en vanmore lag ek al weer."* (:6b) **God kan** omstandighede verander. Soms neem dit lank, maar soms geskied dit in 'n oogknip.

Nadat hy nou dit alles vertel het, **sluit hy af** deur te sê: *"Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!"* (:13) Kom ons vergelyk dit met

ONS VERHAAL

Ons het die afgelope kwartaal **Goeie Vrydag** gevier. Vir drie dae was die dissipels in die rou. Op die derde dag het hul trane in gelag verander! Op **Paassondag** het ons Jesus se opstanding uit die dood gevier.

Ons het die afgelope kwartaal **Hemelvaart** gevier. Jesus het afskeid geneem van sy dissipels. Hulle het stip na die hemel gestaar, maar kon Hom nie meer sien nie. Tien dae later het die Heilige Gees gekom om vir ewig by ons te kom bly. Twee Sondae gelede het ons **Pinksterfees** gevier. **Die Here het weer ons lot kom verander**. Ons kon ons *"rouklere"* oor Jesus se vertrek uittrek en ons *"feesklere"* oor die koms van die *"ander Voorspraak*" aantrek.

Ons kan dit **elke dag vier** dat God ons van die <u>ewige dood</u> gered het. Hy het ons uit ons <u>geestelike dood</u> opgewek. Daar is **nie 'n groter rede** as dit om Hom te loof en te dank en te lag en te dans en feesklere aan te trek en fees te vier as dit nie! Ons kom **Sondae** hierheen om dit *saam* te vier. **Gedeelde vreugde** is dubbele vreugde. Dit is mos baie lekkerder om saam fees te vier en te dans as op jou eie! Daar is ook niks verkeerds daarmee om dit saam met 'n **orkes** met tromme, simbale en blaas- en snaarinstrumente te doen nie; om jou **hande** in die lug te swaai en hande te klap nie! Soms is ek vies vir myself dat ek so 'n introvert is en God nie meer uitbundig dien nie, want ek stel eintlik 'n slegte voorbeeld!

Dit mag wees dat u in u **persoonlike lewe** die afgelope kwartaal of die afgelope semester in groot benoudheid was. Daar was eksamens, siekte, dood, finansiële probleme, krisisse by die werk, verhoudingsprobleme. Het u die Here **gevra** om te help? Het Hy **uitkoms** gebring? Het u iets daaruit **geleer**? **Loof en dank** u Hom nog elke dag? Het u soos Dawid gedoen het ander daarvan **vertel** sodat hulle die Here saam met u kan loof en ook daaruit kan leer en in hulle geloof versterk word?

STEEDS BENOUD?

Miskien is jou krisis nog glad **nie verby nie** en is jy vanmore nog in trane en nog glad nie lus vir lag nie. Iemand het eendag gesê dat ons predikante moet onthou dat die mense wat Sondae voor ons sit, sit elkeen in '**n poel trane.**

Ja, **nie alle siekes** deel byvoorbeeld in die psalmis se ervaring nie. Daar is siekes wat ewe ernstig tot God roep en NIE genees word nie en *tog sterwe*. Maar ek is seker dit is na die tyd net ons wat agterbly wat vra *"hoekom"* en *"waarom*" – nie hulle daar waar hulle nou is nie! Daar sal God self hul trane afdroog en sal hulle nooit weer 'n traan stort nie.

Worstel ons miskien nog steeds met krisisse ten spyte van ons gebede om uitkoms, kan ons verseker wees **God se genade is genoeg**. *Soek* met volharding na Sy wil. Vra wat jy uit die omstandighede *kan leer*. Vertrou Hom daarvoor dat Hy dit *ten goede* sal uitwerk. Hy is besig om jou daardeur *te vorm*. Hy is besig om jou *voor te berei* vir iets. Hy is dalk besig om jou sekere goed *af te leer* en ander *aan te leer*. Spandeer *genoeg tyd* saam met Hom in Bybelstudie en gebed en saam met ander gelowiges sodat Hy jou dit kan duidelik maak.

Maar dit gaan ook **nie vir altyd aanhou** nie. Ons sê (na vakansie/ lekker kuier) *"alle goeie dinge kom tot 'n einde"* – slegte dinge gelukkig ook. Onthou wat vers 6 sê: *"Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank."*
Die trane sal in gelag verander.
Kinders van die Here het altyd daardie **hoop**, want Jesus het die dood oorwin.

DIE PSALM HERINNER ONS

- Hierdie psalm herinner my om nie **te selfversekerd** te wees nie, veral nie terwyl dit goed gaan nie;
- om niks as v**anselfsprekend** te aanvaar nie;
- om **nie swartgallig** te wees nie;
- om **met vertroue in die gebed na God** toe te gaan met my en ander se probleme;
- om Hom **te loof en te dank** vir uitkoms en om ander daarvan **te vertel,**
- Dit herinner my bo alles daaraan dat **God barmhartig, almagtig en genadig is!**

Amen
6/6/2010